*J.V. du Plessis & H.J. Deacon*

# DIE PREDIKANT: DIENAAR VAN GOD OF NET 'N GEWONE WERKNEMER?

## ABSTRACT

### THE MINISTER: SERVANT OF GOD OR MERELY AN EMPLOYEE?

This article examines the nature of the relationship between the minister and his/her congregation in the Dutch Reformed Church in South Africa. Is the minister in the service of God, or is he/she in the service of the General Synod of the Dutch Reformed Church, the Synod of the relevant province concerned, or the Presbytery within which the congregation falls, or is he/she merely an employee of his congregation? The church ordinance is examined against the background of three relatively recent directional judgements of the courts, and a comparison is drawn between the Dutch Reformed Church and the Anglican Church. It is concluded that the minister is not only a servant of God, but also an employee in the service of the congregation.

## 1. INLEIDING

Die verhouding van 'n predikant met sy gemeente is 'n verhouding wat moeilik gedefinieer kan word en wel om die volgende redes:

- Die predikant moet deur God geroep wees om sy Woord te verkondig;
- Die predikant moet gewillig wees om aan dié roeping gehoorsaam te wees;
- Die gemeente moet die predikant as bedienaar van die Woord aanvaar. Hieruit blyk duidelik dat daar 'n goddelike roeping moet wees om die Woord te verkondig.

Die vraag wat in hierdie artikel onder die loep geneem word en vanuit 'n regsoogspunt deur twee regsgeleerdes ondersoek word, is wat die presiese aard van die verhouding tussen die predikant en die gemeente in die Nederduitse

*Prof. J.V. du Plessis, Departement Handelsreg, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. E-pos: dplessjv.rd @ufs.ac.za.*

*Mnr. H.J. Deacon, Departement Handelsreg, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. E-pos: deaconhj.rd @ufs.ac.za.*

Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (NG Kerk) is. Is die predikant net in diens van God of is hy/sy in diens van die Algemene Sinode van die NG Kerk of die Sinode van die betrokke provinsie of die ring waarbinne die gemeente val of is die predikant ook 'n werknemer van die gemeente wat hy/sy bedien?

Die NG Kerk het in die verlede al by verskeie Algemene Sinodes met hierdie vraag geworstel. Tydens die Algemene Sinode van 1999 is 'n bepaalde standpunt ingeneem, net om weer tydens die Algemene Sinode van 2002 verander te word.[1] Die vernaamste redes vir die verwarring in die NG Kerk rondom die diensverhouding is die Grondwet van die RSA, arbeidswetgewing en hofuitsprake met spesifieke verwysing na drie sake, naamlik: Schreuder v. Nederduitse Gereformeerde Kerk;[2] Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Cape Town v. CCMA and others,[3] en Wagenaar teen die Uniting Reformed Church in South Africa.[4] Om die situasie te ontleed gaan drie tydperke in die geskiedenis van die NG Kerk en die bepalings van die Kerkorde[5] bespreek word. Die eerste tydperk is vanaf 1995 tot 1999 onder die 1995 Kerkorde. Die tweede tydperk strek vanaf 1999 tot 2002 onder die Kerkorde van 1999 en die derde tydperk vanaf Oktober 2002 tot op hede soos bepaal deur die 2002 en 2004 Kerkordes.[6]

Die reg erken die kerk as 'n regspersoon en erken ook dat 'n gemeente as 'n selfstandige kerk beskou kan word wat ten volle aan die burgerlike regsverkeer kan deelneem en nie teen enige ingryping van 'n burgelike hof gevrywaar is nie.[7]

Die Hooge Gerechtshof van den Oranjevrijstaat beslis in 1879 oor regspersoonlikheid in die saak van Venter en Andere v. Den Kerkraad Der Gereformeerde Kerk te Bethuli:[8] "Met het oog op de hierboven aangehaalde auto-

---

1 Ongrapporteerde Nywerheidshofuitspraak onder saaknommer ICF 11/2/0419. L.L.E. de Lange v. Nederduitse Gereformeerde Kerk, Vierfontein en andere. Uitspraak gelewer op 12 April 2002; Artikel 12.2 — Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Oktober 2002.

2 (1999) 7 BLLR 713 (LC).

3 (2001) 11 BLLR 1213 (LC).

4 (2004) 13 CCMA 8.1.8.

5 Kerkorde kan beskou word as die "grondwet" van 'n vrywillige kerkgenootskap.

6 Die 2007 Kerkorde was tot op datum nog nie beskikbaar nie. Dit blyk egter of die *status quo* gehandhaaf is en slegs 'n tribunaal by tughandelinge ingevoeg is.

7 Theron v. Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA 1979(2) SA 1(A) op 13H:

> ... die kerk ... geen groter immuniteit teen ingryping deur 'n burgerlike hof besit as 'n orgaan van 'n nie-kerklike genootskap (voluntaty association) nie, en ook nie dat die kwessies van regspersoonlikheid die geval raak nie.

8 1879. OVS 4 op 6.

riteiten heb ik geenen twijfel dan dat de Gereformeerde Kerk van Bethuli een geldelijk lichaam is, of eene corporatie."

Dié standpunt is onlangs in NGKA (OVS) v. VGKSA bevestig.[9]

> Ons Howe het tot dusver gemeentes van verskillende denominasies konsekwent as regspersone beskou. Uit die kerkorde is dit duidelik dat dit ook die geval is met elke plaaslike gemeente van die NGKA.

Die kerk kan verder gesien word as 'n vrywillige vereniging met die Kerkorde as die grondwet van die vereniging.[10] In die saak tussen NGKA (OVS) v. VGKSA[11] het die Hoogste Hof van Appèl bevind dat die howe al meermale bevind het dat die NG Kerke vrywillige onderlinge verenigings is waarvan die lede kontraktueel deur die betrokke Kerkordes gebind word.[12] Die kontrak is dus die kernfaktor vir die bestaan van die vereniging[13] en die Kerkorde kan beskou word as die "grondwet" van die vrywillige kerkgenootskap. Die Kerkorde rig die kerk dus in gehoorsaamheid aan Christus en die kerk word deur die Kerkorde georden.[14]

Uit die bepalings van die Kerkorde en die uitsprake in ons howe is dit duidelik dat elkeen van die NG Kerk se vergaderings naamlik die gemeente, kerkraad, ring en sinode met afsonderlike regspersoonlikheid beklee is.[15] Elkeen van die vergaderings is dus volledig kerk en sal as sodanige afsonderlike entiteite aan die regsverkeer kan deelneem.[16] Hierdie beginsel is baie belangrik in die verdere bespreking van die posisie van die predikant.

Sedert Suid-Afrika in 1994 na 'n demokratiese regeringstelsel oorgeskakel het, het verskeie nuwe wetgewing op die wetboeke verskyn, wat 'n wesenlike invloed nie net op die NG Kerk nie, maar op alle kerke gehad het. Enkele van die tersaaklike wette is die volgende:

(a) Die Grondwet[17] is die maatstaf waaraan alle wette en administratiewe handelinge gemeet moet word en het ook ingrypende veranderinge vir die

---

9 1999(2) SA 156(SCA) 168 H-I.

10 De Vos v. Ringskommissie van die NG Kerk 1952(2) SA 83(O) op 94H-95A.

11 1999(2) SA 156(SCA) 166 G-H.

12 Du Preez v. Nederduitse Gereformeerde Gemeente, De Deur 1994(2)SA 191(W) op 194.

13 Olivier (2000:7).

14 Sadler (1991:1).

15 Olivier (2000:16).

16 Venter en Andere v. Den Kerkraad Der Gereformeerde Kerk te Bethuli 1879 OVS 4 op 6.

17 108 van 1996.

kerk ingehou. Die Handves van Menseregte ken sekere regte aan elke persoon toe, byvoorbeeld artikel 9 bepaal dat daar teen geen persoon gediskrimineer mag word nie, wat onder andere ook diskriminasie op grond van geloof insluit; artikel 18 handel oor die vryheid van assosiasie terwyl artikel 23 bepaal dat elkeen die reg op billike arbeidspraktyke het en kan staak. Godsdiensvryheid wat in artikel 24 verleen word, beteken dat alle gelowe en godsdienstige denominasies nou gelyke erkenning geniet met die gevolg dat die NG Kerk vir die eerste keer in jare nie meer enige voorkeurbehandeling geniet nie.

(b) Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995,[18] is met sekere uitsonderings op alle werknemers en werkgewers in Suid-Afrika van toepassing. Die wet reël onder andere vryheid van assosiasie; kollektiewe bedinging; stakings en uitsluitings; geskilbeslegting en ontslag.

(c) Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes,1997,[19] is ook met sekere uitsonderings op alle werknemers en werkgewers van toepassing en reël onder meer werksure, oortyd, verlof en diensbeëndiging.

(d) Die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998,[20] plaas 'n omvattende verbod op direkte en indirekte diskriminasie. Dit sluit ook diskriminasie op grond van geloof in. Die doel van die wet is om gelyke indiensneming te verseker deurdat daar van werkgewers verwag word om 'n behoorlike indiensnemingsplan en praktiese beleid op te stel.

## 2. KERKLIKE STRUKTUUR EN ORGANISASIE

In die bespreking van die posisie van die predikant in sy verhouding tot die kerk in die algemeen en die gemeente waar hy dien in die besonder, is 'n uiteensetting van die kerklike struktuur baie belangrik. Die strukture en organisasie van alle kerkgenootskappe stem nie ooreen nie en daarom sal daar teen die agtergrond van die bepaalde kerkgenootskap se struktuur en organisasie bepaal moet word wat die posisie van die betrokke predikant is. Teen hierdie agtergrond sal ook hofbeslissings wat oor die posisie van die predikant gelewer is, vertolk moet word. Aangesien daar in Suid-Afrika in dié verband regspraak is wat oor predikante in die NG Kerk en die Anglikaanse Kerk handel, word daar vervolgens kortliks by die struktuur en organisasie van die twee kerkgenootskappe stilgestaan. Toepaslike ooreenkomste en verskille sal ook aangetoon word.

18 Wet 66 van 1995.
19 Wet 75 van 1997.
20 Wet 58 van 1998.

## 2.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Soos hierbo aangetoon, erken die reg die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon en erken dit ook dat 'n gemeente as 'n selfstandige kerk beskou kan word wat ten volle aan die burgerlike regsverkeer kan deelneem.[21] Die kerk is dus 'n vrywillige vereniging met die Kerkorde as die grondwet van die vereniging waarvolgens die lede hulleself identifiseer en reël.[22]

Hierbo is ook op die belangrike beginsel gewys, naamlik dat die NG Kerk uit verskillende vergaderings, naamlik die gemeente, kerkraad, ring en sinode bestaan wat elkeen volledig kerk is en as sodanige afsonderlike entiteite aan die regsverkeer kan deelneem.[23]

Die kerkvergaderings bestaan dus uit 'n gemeente, kerkraad,[24] ring,[25] Sinode[26] en Algemene Sinode.[27]

### 2.1.1 Beroeping van leraar

Wanneer 'n leraarspos in 'n bepaalde gemeente vakant raak, bepaal die gemeente wat die gemeente se behoefte is en wat die verlangde profiel van die nuwe predikant moet wees.

'n Leraar word volgens bepalings van die Kerkorde[28] deur die kerkraad vanaf 'n groslys na die gemeente beroep. Die groslys vir beroeping kan ingevolge 'n besluit van die Algemene Sinode[29] op een van die volgende wyses saamgestel word:

- Benoeming deur kerkraad;
- Aanbevelings deur die ringskommissie en Algemene Kommissie vir Gemeentebediening;
- Benoeming deur gemeentelede;
- Op aansoek van 'n leraar na 'n advertensie in die *Kerkbode*.[30]

21 Theron v. Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA 1979(2) SA 1(A) op 13H.
22 De Vos v. Ringskommissie van die NG Kerk 1952(2) SA 83(O) op 94H-95A.
23 Venter en Andere v. Den Kerkraad Der Gereformeerde Kerk te Bethuli 1879 OVS 4 op 6.
24 1999. Kerkorde, Artikel 25; 2002 Kerkorde, Artikel 26.
25 1999. Kerkorde, Artikel 30; 2002 Kerkorde, Artikel 30.
26 1999. Kerkorde, Artikel 32/33; 2002 Kerkorde, Artikel 32/33.
27 1999. Kerkorde, Artikel 38; 2002 Kerkorde, Artikel 38.
28 2002. Kerkorde, Artikel 7.1.
29 2002. Kerkorde. Besluit ter verduideliking van Artikel 7.1. Besluit 7b2.1.
30 Die amptelike koerant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Gemeentes mag dus vakante poste adverteer. In hierdie opsig is daar dus in wese geen onderskeid tussen die optrede van 'n betrokke gemeente wat deur sy kerkraad of 'n kommissie daarvan handel en die optrede van 'n normale werkgewer nie. Dit gebeur dan ook dat kandidate wat vir die pos aansoek gedoen het, op 'n kortlys geplaas word. Onderhoude word dan met die bepaalde kandidate gevoer deur die betrokke kerkraad of 'n kommissie daarvan.

Die kerkraad kan ook aan elk van die kandidate op die groslys 'n vraelys uitstuur waarin uitdruklike bedieningsgerigte vrae gestel word.[31] Die kerkraad kan ook 'n *curriculum vitae* van enige kandidaat op die groslys aanvra.[32] Die doel hiervan is om seker te maak dat die regte persoon wat die beste aan die gemeente se behoeftes kan voldoen, na die gemeente beroep sal word. In hierdie opsig verskil die beroeping geensins van die aanstelling van enige werknemer by 'n sake-onderneming nie.

Predikante kan dus ook sogenaamd "ge-headhunt" word en 'n bepaalde predikant van 'n ander gemeente kan deur middel van 'n beroepsbrief beroep word.[33] Indien sodanige predikant bereid is om die beroep te aanvaar, word die gemeente in kennis gestel en kom daar inderdaad 'n bindende en geldige dienskontrak tussen die partye tot stand op die terme en voorwaardes soos in die beroepsbrief uiteengesit. Die partye verkry dus bepaalde afdwingbare regte en verpligtinge.[34] Hier moet daarop gewys word dat, ingevolge artikel 7.5 van die Kerkorde, die bepalings in die beroepsbrief onderhandelbaar is by oorweging van die beroep. Ná enige onderhandelinge word die diensooreenkoms finaal opgestel en hierdie ooreenkoms word ná goedkeuring deur die betrokke ring deur die partye onderteken.

Die mees kardinale aspek is dat alle onderhandelinge en die uiteindelike ooreenkoms aangegaan en gesluit word tussen die betrokke gemeente handelende deur sy kerkraad of kommissie en die betrokke predikant.[35] Derhalwe is in die Schreuder-saak,[36] ná die aanhoor van deskundige getuienis rondom die kerkreg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, beslis dat die primêre werkgewer van 'n leraar die betrokke gemeente is terwyl die leraar ook sekondêre werkgewers het, naamlik die ring en die Sinode. Daar is dus geen twyfel nie dat 'n bindende en afdwingbare dienskontrak tussen 'n Nederduitse

31 2002. Kerkorde. Besluit ter verduideliking van Artikel 7.1. Besluit 7b2.1.4.

32 2002. Kerkorde. Besluit ter verduideliking van Artikel 7.1. Besluit 7b2.1.5.

33 2002. Kerkorde, Artikel 7.

34 Die posisie word bevestig in die Wagenaar v. United Reformed Church in SA (2005) 1 BALR 127 (KVBA) saak.

35 Die ring of ringskommissie kan egter die beroeping stuit indien daar nie aan al die vereistes soos uiteengesit in Artikel 7, voldoen is nie, maar is in alle ander opsigte daar in 'n adviserende hoedanigheid.

36 Schreuder v. Nerderduitse Gereformeerde Kerk (1999) 7 BLLR 713 (LC).

Gereformeerde gemeente en sy predikant tot stand kom met bepaalde regte en verpligtinge vir die betrokke partye. In die Wagenaar v. United Reformed Church-saak[37] word beslis dat 'n beroepsbrief aan al die vereistes en elemente voldoen om 'n diensooreenkoms daar te stel.

Die toets wat gebruik word, is die bedoeling van die partye. In die Church of the Province of Southern Africa Diocese of Cape Town v. CCMA[38] vra die hof dié vraag:

> [T]he crucial question is whether, at the time the parties concluded the offer and acceptance, they intended to create a legally binding contractual relationship, i.e. the mere fact of an offer and acceptance did not equate to a binding contractual relationship; the offer and acceptance had to be accompanied by the intention to create the contract.

## 2.2 Die Anglikaanse Kerk

Die kerklike strukture kan soos volg opgesom word:

Individuele Anglikaanse kerke vorm "parishes". Dit is die kleinste administratiewe eenheid in die Anglikaanse kerk. Die meeste "parishes" het slegs een kerk, terwyl ander weer meer kerke het.[39] "Parishes" is onderafdelings van 'n "diocese". "Dioceses" is 'n fundamentele eenheid in die struktuur van die Anglikaanse kerk, en is grootliks betrokke by kerklike administrasie en beheer. Elke "diocese" is die setel van 'n biskop.[40] 'n "Deanery" is 'n organisatoriese eenheid wat groter as 'n "parish" is, maar kleiner as 'n "diocese". As 'n "diocese" meer as een biskop het, is elke biskop gewoonlik verantwoordelik vir 'n afsonderlike "deanery".[41] "Dioceses" kombineer weer in groter administratiewe eenhede wat bekend staan as "Provinces" en "National Churches". 'n "Province" is 'n administratiewe afdeling van die kerk wat groter as 'n "diocese" is, maar tog nie wêreldwyd is nie.[42] Soms is hierdie provinsies selfregerend en soms kombineer hulle om "National Churches" te vorm wat selfregerend is. "Selfregerend" in hierdie sin beteken dat daar geen groter administratiewe eenheid is wat toesig hou oor hulle nie; geen pous, geen kardinale of geen patriarg (kerkvader).[43]

37 SA (2005) 1 BALR 127 (KVBA) par. 7 op p. 4 van die beslissing.
38 (2001) 22 ILJ 2274 (LC) 2285 E.
39 http://www.anglican.org/vocab/pqrst.html (6/9/2004).
40 http://www.anglican.org/vocab/abcde.html (6/9/2004).
41 http://www.anglican.org/vocab/abcde.html (6/9/2004).
42 http://www.anglican.org/vocab/pqrst.html (6/9/2004).
43 http://www.anglican.org/church/ChurchAdmin html (6/9/2004). Soms verdeel "dioceses" in "deaneries" of "archdeaconries", en somtyds word dit verdeel in "archdeaconries" wat op hul beurt verdeel word in "deamories". Hierdie verdelings is egter nie van belang by hierdie bespreking nie.

’n Baie belangrike figuur in die Anglikaanse kerk is die biskop. Elke Anglikaanse biskop word deur ander biskoppe ingeseën wat weer op hul beurt deur ander biskoppe ingeseën is. Daar word vermoed dat hierdie ketting teruggaan tot die twaalf apostels wat as die eerste biskoppe gesien is.[44] ’n Biskop verorden iemand tot priester. Aangeleenthede in verband met die aanstelling, verwydering en koördinasie van die geestelike stand (onder andere priesters) is die verantwoordelikheid van ’n “diocesan” wat uitgevoer word deur ’n biskop van daardie “diocese”.[45]

Die primêre eenheid in beheer van organisering en beheer van die Anglikaanse kerk is die “diocese”. ’n “Diocesan” biskop hou toesig oor elke “diocese”. Wanneer “dioceses” kombineer tot provinsies of nasionale kerke, vorm daar nog ’n administratiewe vlak. Hierdie vlak word geadministreer deur ’n Aartsbiskop of ’n “Presiding Bishop”.[46]

Anders as die predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat eers opgelei moet word en daarna beroepbaar is,[47] is die posisie in die Anglikaanse Kerk dat ’n persoon wat ’n priester wil word, eers ’n sogenaamde “clear vocation” moet demonstreer. So ’n persoon kan nie ’n priester word voordat die kerk nie tevrede is dat die persoon deur God geroep is nie.[48] Eers daarna verskaf die kerk die noodsaaklike opleiding aan sodanige persoon waarna hy aanvanklik as “deacon” bevestig word en later as priester.

Wanneer die persoon as priester bevestig is, mag hy geen funksies in enige betrokke bediening beklee nie, maar moet hy “be licensed by the Bishop of the diocese in which he or she is asked to carry out an active ministry.”[49]

’n Belangrike en wesenlike onderskeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dat die biskop besluit waar die priester diens sal doen en nie die gemeente nie. Die Anglikaanse priester kan glad nie deur ’n gemeente beroep word nie. Die gemeente kan ook nie ’n vakante pos adverteer nie. Die biskop is verantwoordelik vir die aanstelling, die ontslag en die administrasie van die priester.[50]

---

44 http://www.anglican.org/church/ChurchAdmin.html (6/9/2004).

45 Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Cape Town v. CCMA and others (2001) 11 BLLR 1213 (LC) par. 7 (iv) op 1215 I.

46 http://www.anglican.org/church/ChurchAdmin.html (6/9/2004).

47 2002. Kerkorde, Artikel 5.

48 Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Cape Town v. CCMA and others (2001) 11 BLLR 1213 (LC) par. 7 (v) op 1215 J-1216 A.

49 Par. 7 (vii), p. 1216 D.

50 Klousule 7(iv): “Matters relating to the appointment, removal and co-ordination of the clergy are a diocesan responsibility which is carried out by the Bishop (or Archbishop as in the present matter) of that diocese.”

Daar is geen twyfel nie dat die term “diocese”, volgens Anglikaanse kerkreg, nie op ’n gemeente dui nie, maar eerder op ’n bepaalde gebied met gemeentes binne die betrokke gebied[51] soos byvoorbeeld die Sinode in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die priester verrig nie sy amp onderhewig aan die toesig en kontrole van die kerkraad van die betrokke gemeente nie, maar onderhewig aan die toesig van die biskop wat hom aangestel het.[52] Alhoewel ’n priester sekere voordele geniet wat gelykgestel mag word aan die voordele van ’n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is daar ’n baie belangrike onderskeid. Die kerkraad is in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verantwoordelik om ingevolge die dienskontrak te presteer ten opsigte van die betaling van die vergoeding en ander diensvoordele terwyl betaling van salaris in die geval van die Anglikaanse Kerk plaasvind deur die “diocesan office”.[53] Die gelde word gevorder vanaf die betrokke priester se gemeente, maar daar is geen direkte regsband tussen die gemeente en die priester nie en bygevolg is daar geen verpligting op die gemeente om die priester te betaal nie. ’n Priester in die Anglikaanse Kerk is geensins in die normale sin van die woord geregtig op salaris nie[54] en die Anglikaanse Kerk sluit wêreldwyd geen dienskontrakte met priesters nie.

# 3. DIE BEPALINGS VAN DIE KERKORDES VAN DIE NG KERK VANAF 1995 TOT 2004

## 3.1 Die Kerkorde van die NG Kerk soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 1995

Gedurende die tydperk vanaf 1995 tot 1998 was daar bykans geen sprake van ’n duidelik geordende prosedure met betrekking tot tug of ontslag van predikante nie. Die Kerkorde swyg verder oor die arbeidsregtelike status van die predikant en verwys nie uitdruklik na die “werkgewer” van die leraar nie. Artikel 13 bepaal egter dat ’n gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens ’n bedienaar van die Woord staan, verantwoordelik is vir sy/haar lewensonderhoud.[55]

51 http://www.anglican.org/vocab/abcde.html (6/9/2004).
52 Klousule 7(ix) op p. 1216 G.
53 Klousule 7(x) op p. 1216 I.
54 p. 1217 H.
55 1995. Kerkorde.

Hoofstuk 2 van die Kerkorde handel oor die ampte in die kerk en kwalifiseer wie ’n bedienaar van die woord mag wees en wat die verpligtinge van die leraar is.[56] ’n Bedienaar van die Woord word, ingevolge Artikel 7, deur die kerkraadsvergadering onder die voorsitterskap van die leraar, konsulent of ringsleraar beroep. Die leraar word in die gemeente bevestig nadat die beroeping in die gemeente afgekondig is, die ring die beroep goedgekeur het en die leraar ’n akte van demissie[57] of getuigskrif en attestaat[58] ingehandig het.[59] ’n Proponent[60] moet verder ’n akte van legitimasie en attestaat inhandig en word met oplegging van hande bevestig.[61]

Die Kerkorde stel dit duidelik dat ’n predikant sy/haar lewe lank aan kerkdiens verbonde is en dat indien hy/sy die bediening verlaat, hy/sy sy/haar status sal verloor indien daar nie vooraf by die Algemene Regskommissie toestemming verkry is om ’n ander beroep te beoefen nie.[62] Die 1995 Kerkorde het baie kortliks die arbeidsverhouding rakende ontslag in Artikel 12 saamgevat:

> 12.1 Indien ’n leraar nie langer sy gemeente tot stigting kan dien nie, mag die ring ná ondersoek, waarin beide die kerkraad en die betrokke leraar aangehoor word, die band tussen leraar en gemeente losmaak, indien daar, volgens die oordeel van die ring, billike voorsiening vir die leraar gemaak is.
>
> 12.2 Billike voorsiening word deur die ring in oorleg met die betrokke kerkraad of instansie en die betrokke leraar bepaal. ’n Uitbetaling van ses maande se lewensonderhoud en toelaes asook reëlings in verband met pensioendekking vir hierdie periode word as voldoende beskou.[63]

Indien daar enige ontevredenheid oor ’n besluit van die kerkraad is, kan daar in terme van Artikel 23 na die ring geappelleer word.

Hoofstuk 5 van die Kerkorde reël die kerklike opsig en tug. Die element van billikheid en redelikheid in die vorm van die *audi et alterem partem*-reël, wat in terme van Artikel 60 gereël word, vind ook sy grondslag in die kerk deurdat geen tugmaatreël toegepas kan word as die klag nie eers behoorlik ondersoek is en die aangeklaagde nie die geleentheid gebied is om homself te verdedig nie.

---

56 1995. Kerkorde, Artikels 5, 6 en 9.

57 Bewys van betrekking as leraar in die gemeente.

58 Bewys van lidmaatskap van die gemeente.

59 1995. Kerkorde, Artikel 8.

60 ’n Persoon wat voldoen aan die vereiste van artikel 5, maar wat nog nie voorheen in ’n gemeente bevestig is nie.

61 Artikel 8.1.4.

62 Kerkorde 1995, Artikel 11.

63 Kerkorde 1995, Artikel 12P13.

Artikel 64(4) verleen tugmaatreëls wat deur ’n vergadering gebruik kan word indien die predikant skuldig bevind word ingevolge Hoofstuk 5 van die Kerkorde. Maatreëls kan ingevolge Artikel 63 opgehef word as daar voldoende berou was en op aanbeveling van die kerkraad onder wie se opsig hy/sy hom/haar bevind het of waar die Algemene Regskommissie op aanbeveling van die sinode of sinodale kommissie die maatreël ophef.[64]

Die kerk het bykans elke keer sake wat uit die toepassing van Artikel 12 gespruit het, in die hof verloor. Die aanleidende oorsaak hiervan was dat daar geen duidelike riglyne oor ’n billike prosedure in die kerk was nie en uit ’n juridiese oogpunt het die kerk telkemale aan die kortste ent getrek.[65] Die kerk het ook telkemale die risiko geloop om duisende rande aan regskoste te betaal om ’n saak teen die kerk teen te staan.[66] Die kerk het verder ook duisende rande verloor aan skikkings buite die hof op advies van regsgeleerdes wat besef het dat die kerk moontlik nie ’n sterk saak in die hof sal kan uitmaak nie.[67]

## 3.2 Die Kerkorde van die NG Kerk soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 1998

Soos reeds hierbo vermeld, is Suid-Afrika se arbeidsreg ingrypend verander deur die 1996 Grondwet en het verskeie nuwe arbeidswette van 1996 tot 1998 die lig gesien. Die Kerk het noodgedwonge op die nuwe wetgewing gereageer deur intensiewe wysigings aan die Kerkorde aan te bring.

64 Die artikels moet saamgelees word met bepalings 96 en 97 wat handel oor die reglement vir die uitoefening van die tug en die reglement vir die beslegting van kerklike geskille.

65 Britz (1999:6).

66 ’n Goeie voorbeeld hiervan is die saak van Kotze v. Kerkraad van Thaba Nchu, Die Ring van Ficksburg en die Sinode van die Vrystaat waar Ds. A.J.J. Kotze in 1996 ’n ouderling, die kerkraad van Thaba Nchu, die Ring van Ficksburg en die Vrystaatse Sinode gedagvaar het op grond van ’n “onbillike ontslag”, verlore pensioenvoordele en *crimen injuria* (Agenda 48ste Vrystaatse Sinode 1999:21). Die saak word egter buite die hof geskik nadat die verhoor reeds aanvang geneem het. Ds. Kotze was egter nie in die finansiële posisie om die kerk se regskoste te delg nie en gevolglik was die kerk self vir die regskoste tot op datum aanspreeklik. Die Vrystaatse Sinode het met Ds. L.L.E. de Lange van Vredefort onderhandel om die saak te skik. Die voorsittende beampte van die Nywerheidshof het die partye dringend versoek om die saak buite die hof te probeer skik. Mnr. E.W. Louw, voorsitter in die Nywerheidshof het gesê: “Hoe moet ek as onheilige die kerk se probleme uitsorteer? Wat het geword van liefde, vrede en vergewensgesindheid?”.

67 Kyk in dié verband die 48ste Agenda van die Vrystaatse Sinode (1999:28).

Die Wet op Arbeidsverhoudige[68] definieer 'n werknemer in Artikel 213 as volg:

> (a) Iemand, behalwe 'n onafhanklike kontrakteur, wat vir iemand anders of die Staat werk en wat besoldiging ontvang of geregtig is om besoldiging te ontvang; en
>
> (b) Iemand anders wat op enige wyse help om die besigheid van 'n werkgewer voort te sit of te bedryf.

Die Algemene Sinode het in 1998 in die lig van die nuwe verwikkelinge in die land se arbeidswetgewing die Kerkorde hersien as deel van 'n voortdurende proses om kerkvergaderings en ampsdraers te help om op 'n verantwoordelike en dinamiese wyse binne die bepalings van die nuwe grondwetlike bedeling te funksioneer. Die nuwe arbeidswetgewing met die klem op billikheid onderskryf die Skrifbeginsel dat gelowiges op 'n regte wyse met mekaar in 'n diensverhouding staan.[69]

Die Kerk beskou arbeidsverhoudinge in die kerk vanuit 'n kerklik-teologiese oogpunt. Soos die kerkvader Augustinus gesê het, word daar eerstens na die Bybelse beginsels gekyk en daarna of dit versoenbaar is met die burgerlike wetgewing. Huidige arbeidswetgewing is gefundeer op die beginsels van billikheid en regverdigheid en staan in dié opsig glad nie in stryd met Skriftuurlike beginsels nie.

Tydens dié Algemene Sinode is 'n aantal besluite geneem oor die diensverhoudinge in die kerk waardeur Artikel 12 van die Kerkorde en relevante reglemente baie uitgebrei en verander is om in lyn met die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, te wees. Die Algemene Regskommissie het ook 'n bestuursgids vir al die gemeentes beskikbaar gestel om die toepassing van die regsbeginsels te vergemaklik asook om praktiese riglyne te verskaf om dissipline toe te pas.

In die *Kerkbode* van 3 Oktober 1997 verduidelik Coertzen die verandering in die Kerkorde aan die hand van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en die reëls van natuurlike geregtigheid.[70] Hy beklemtoon dat die reëls van natuurlike geregtigheid nagekom moet word by enige ondersoekprosedures in die kerk en gee die volgende riglyne wat die kerk deurentyd in gedagte moet hou:

> 1. Daar moet gehoor gegee word aan die *audi alterem partem*-reël. Dit beteken dat al die partye gedurende 'n billike ondersoek aangehoor moet word.

68 66 van 1995.

69 Du Plessis (1998:1).

70 Coertzen (1997:6).

2. Niemand kan ’n regter in sy eie saak wees nie, soos bepaal deur die *nemo iudex in propria causa*-reël.

3. Daar moet redes vir die besluit of bevinding verskaf word.

Volgens Coertzen moet die verhoor billik en regverdig wees[71] en is die reëls van natuurlike geregtigheid belangrik vir die orde van die kerk. Hy voer ook aan dat hierdie reëls teologies regverdigbaar is.[72]

Dit is verder belangrik om daarvan kennis te neem dat die Suid-Afrikaanse howe by meer as een geleentheid beslis het dat geloofskwessies nie vir die hof bedoel is nie,[73] maar as die kerk hulle tot die burgerlike hof wend, sal burgerlike beginsels aangewend word om die geskil te besleg.[74] Olivier gaan verder deur te sê dat die totstandkoming van die kontraktuele verhouding tussen die predikant en die gemeente wat die Kerkorde daarstel, ’n rol sal speel by die juridiese uitleg van die Kerkorde. Indien die kerk dus die standpunt sou nahou dat die hantering van appèlle vanaf mindere vergaderings deur meerdere vergaderings as ’n “hulp van die kerkverband” beskou moet word, sou so ’n beskouing nie deur die howe gehandhaaf word indien dit nie ook volgens die gewone beginsels van die uitleg van kontrakte weerspieël word in die woorde wat gebruik is in die Kerkorde nie.[75]

---

71 Kerkorde, Artikel 59 b 1. Hy gee verder die volgende riglyne vir ’n billike en regverdige verhoor in die kerk:

1. Persone betrokke by die ondersoek moet oor genoegsame kennis beskik of genoegsame tyd hê om behoorlik voor te berei.
2. Die persoon teen wie die ondersoek gedoen word moet tydig en genoegsame kennis van die ondersoek en redes vir die ondersoek ontvang om behoorlik voor te berei. Die persoon moet ook van die nodige dokumente voorsien word ter voorbereiding van die verhoor.
3. Al die verrigtinge moet in die teenwoordigheid van die aangeklaagde geskied en al die persone wat by die ondersoekliggaam betrokke is, moet deurentyd by die verrigtinge teenwoordig wees.
4. Die klaer moet sy saak in die teenwoordigheid van die ander persoon stel en die aangeklaagde moet die geleentheid kry om vrae aan die klaer te stel.
5. Die aangeklaagde moet die geleentheid kry om sy saak te stel en getuienis aan te voer en die ondersoekvergadering toe te spreek.
6. Daar moet redes vir die ondersoekvergadering se besluit of gevolgtrekking gegee word.

72 Coertzen (1997:6).

73 Van Vuuren v. Kerkraad, Môrelig Gemeente, NG Kerk; NGKA (OVS) v. VGKSA; De Vos v. Ringskommissie van die NG Kerk.

74 Olivier (2000:20).

75 Olivier (2000:21).

In die 1998 Kerkorde aanvaar die kerk die belangrike beginsel dat 'n predikant 'n werknemer van die gemeente is.[76] Dit is deur sommige in die kerk verwelkom, maar deur andere gekritiseer.[77]

Die Kerkorde reël die diensverhouding met die predikant in Artikel 12. Die gemeente in wie se diens die predikant staan, is die werkgewer van die predikant. Die kerkraad, as die gevolmagtigde van die gemeente, besluit dus oor indiensneming en ontslag.[78]

Artikel 12.4 bepaal dat 'n predikant se dienste met onmiddelike effek beëindig kan word met verlies van bevoegdheid ingevolge die Reglement wat oor die bevoegdheid van predikante en proponente handel.

Volgens Artikel 12.5 is daar slegs 3 gronde waarop die kerkraad 'n predikant uit diens van die gemeente kan ontslaan:

1. Wangedrag (Die Kerkorde omskryf wangedrag in Hoofstuk 5 en reël ook die ondersoekprosedure);
2. Onbekwaamheid of ongeskiktheid;
3. Bedryfsvereistes (finansiële onvermoë van die gemeente).

Die drie redes stem ooreen met Artikel 188 van die Wet op Arbeidsverhoudinge 1995,[79] asook Bylae 8 item 2.2 wat handel oor die goeie praktykkode vir ontslag.

Die algemene uitgangspunt in Artikel 12b 1 is dat elke kerkvergadering 'n kommissie het wat die diensverhouding tussen hom as werkgewer en sy werknemers bestuur. Die Kommissie het ook die bevoegdheid om kundiges te betrek. In alle gevalle van diensbeëindiging ingevolge Artikel 12.5 is die kerkraad verplig om kennis aan die Algemene Regskommissie van die kerk te gee. Werkgewers moet ook in terme van Artikel 12b 1.3 vir elke predikant 'n rekord hou waarin die aard van optrede ingevolge Artikel 12, die optrede van die werkgewer en die redes vir die optrede aangedui word.[80]

Die veranderings in die 1998 Kerkorde is nie oral gunstig en sonder kritiek ontvang nie. Die felste kritiek was dat die kerk deur die nuwe kerkorde meer soos 'n maatskappy as 'n Goddelike instelling bedryf word. Daar was veral 'n sterk gevoel teen die kontraksverhouding tussen 'n predikant en die gemeente waar hy/sy in diens is.

---

76 A12.1 Die gemeente of kerkverband in wie se diens 'n predikant staan, is die werkgewer van die predikant.

77 Britz (1999:6).

78 Artikel 12.1-12.3.

79 Wet 66 van 1995.

80 Kyk item 5, bylae 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge.

Botha, predikant vir Leer en Aktuele Sake van die Algemene Sinode, sê:

> Mense wat gekies het om vir die Here te werk, weet dat hulle diensknegte is en dat hulle opofferings moet maak. Die kerk werk volgens ander wette en reëls as die waarmee mense in die sekulêre wêreld te doen kry. Mense wat gekies het om voltyds vir die Here te werk, moet dit as 'n voorreg beskou om in sy diens te staan.[81]

Britz spreek sy kommer duidelik uit in *Kerkbode* van 16 April 1999. Volgens hom raak Artikel 7 van die Kerkorde aan die wese van kerkwees. Die Here as die Hoof van die Kerk roep en gee die opdrag aan die predikant en is dus die werkgewer. Artikel 7 impliseer dat die kerkraadslede, indien hulle volgens die Kerkorde handel, die gemeente al hoe meer soos 'n besigheid sien en bedryf.[82] Britz motiveer sy stelling met die volgende drie argumente:

> 1. Die diensverhouding tussen predikant en kerkraad is soos die van 'n maatskappy en ondermyn die roeping van die predikant om in 'n amp van die kerk te dien. Die opdrag van God maak nou plek vir burgerlike regsreëls. Die juridisering van die Kerkorde, hoe handig dit ook al te pas mag kom, maak dit meer 'n kerkwet as 'n gereformeerde ordening.
>
> 2. Artikel 7 maak voorsienig dat kerkrade en predikante skriftelik onderneem om hulle te onderwerp aan die bepalings van die Kerkorde en besluite van die Sinode soos dit van tyd tot tyd kan wysig. Kontrakspartye het dus nie 'n vryheid om 'n ooreenkoms na willekeur op te stel nie.
>
> 3. Die probleem ontstaan dat dit moontlik is dat nie een van die kontrakspartye by wysigings van die Kerkorde of Sinodebesluite teenwoordig kan wees nie, weens die verteenwoordigingsleer van die kerk.

Daar is ook indringende vrae gevra oor die rol van die ring in die kerkverband. Die 1999 Kerkorde het die ring as "sekondêre werkgewer" laat verval, maar die ring dien steeds as appèlligaam in terme van Artikel 23 van die Kerkorde.[83] Die ring vorm dus die eerste instansie van appèl teen besluite van kerkrade.

Waar die ring in die verlede 'n aktiewe rol by die beroeping en aanstelling van 'n predikant gespeel het,[84] is die ring nou bloot 'n adviserende liggaam[85] wat toesig hou of die kerkraad aan al die kerkordelike bepalings voldoen het.[86]

---

81 Botha (1997:6).

82 Britz (1999: 6).

83 Schreuder v. Nederduitse Gereformeerde Kerk Winkelspruit & andere 1999 BLLR 713 (AH).

84 Artikel 7 en 8 van die 1995 Kerkorde.

85 Artikel 7 van die 1999 Kerkorde.

86 Artikel 8 van die 1999 Kerkorde.

Die ring het dus geen tugbevoegdheid oor enige predikant in 'n gemeente binne die ring nie. Die ring neem verder ook nie deel aan die ondersoekprosedure in terme van artikel 12 van die Kerkorde nie.

Daar was hoofsaaklik twee hoofoorwegings by die verandering van die rol van die ring:

> 1. Die regsaanspreeklikheid van meerdere vergadering indien hulle betrokke raak by die aanstelling, dissiplinêre prosedures en ontslag van die predikant.
>
> 2. Daar kan net een werkgewer in die arbeidsverhouding van die kerk wees. Een werkgewer kan nie die predikant beroep en die ander werkgewer die predikant ontslaan nie.

Sedert die verandering in 1999 in werking getree het, is daar egter leemtes in die nuwe bedeling uitgelig. In die nuwe Kerkorde word daar sekere magte en bevoegdhede aan die kerkraad gegee waarin daar van die kerkraad verwag word om as arbeidsregkenners (Artikel 12) en teoloë (Hoofstuk 5) op te tree, terwyl die kerkraad van 'n gemeente nie noodwendig hierdie rolle kan vervul nie.

*Arbeidsregtelik* skep dit die volgende probleme vir kerkrade en ringe:

- Weens onkunde word daar interne prosedurele foute gemaak wat teen die kerk in 'n siviele geding gebruik kan word.
- Gedurende ondersoeke en verhore kan daar selfinkriminerende uitlatings gemaak word indien daar nie behoorlike toesig oor die proses is nie.
- Die kerkraad kan die predikant ontslaan, maar geen besluit oor die predikant se ampsbevoegdheid neem nie. (Dieselfde beginsel geld ook vir die dokter wat by die hospitaal ontslaan word.)
- Die ring bestaan uit predikante, ouderlinge (dikwels emerituspredikante) en diakens wat almal in 'n sekere sin die kollegas van die predikant is. Medewerkers hanteer dus die arbeidsaangeleentheid.
- Die ring beskik ook nie noodwendig oor die kennis om arbeidsregtelike aangeleenthede te hanteer nie.[87]

*Kerkregtelik* skep dit die volgende probleme:

- Interpretasieprobleme. Die kerkraad moet in terme van die Kerkorde besluit oor 'n tugwaardige sonde. Tugwaardige sondes is sondes wat indruis téén die Woord van God en die Belydenis van die Kerk (Artikel 60). Ge-

87 Hendrik Johannes Visser v. Die Ring van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Saaknommer: ICF 11/2/0220.

wone kerkraadslede moet dus besluite neem oor soms moeilike teologiese aangeleenthede soos byvoorbeeld salwing en handoplegging.[88]

- Toepassingsprobleme: Die kerklike opsig en tug moet tot eer van God, tot heil van die Kerk en tot behoud van die sondaar toegepas word volgens voorskrifte van die Bybel, die Belydenisskrifte, die Kerkorde en ander bepalings van die Kerk. Daar is geen konkrete definisies van byvoorbeeld liefdeloosheid of charismatisme nie en subjektiewe toepassings kan baie probleme skep.
- Die ring kan slegs optree indien die geskil na die ring verwys is. ’n Belangrike en sinvolle bron om die geskil te besleg word dus uitgesluit indien dit nie spesifiek daarna verwys word nie.

Plattelandse predikante het veral die mening gehuldig dat die kerkraad waardevolle kennis en advies van die ring kan verkry en die leiding, veral in die platteland, nodig het om as kerk te oorleef en suiwer die Woord van God te verkondig.

Dit is ook nie duidelik wie ’n predikant gedurende ’n dissiplinêre verhoor en ondersoek mag verteenwoordig nie. Die Kerkorde bepaal dat die predikant deur ’n medelidmaat bygestaan kan word.[89] Dit kan baie wyd geïnterpreteer word, soveel so dat byvoorbeeld ’n prokureur van ’n ander gemeente, maar lidmaat van die NG Kerk die predikant kan bystaan. In ’n eng sin kan die predikant in terme van arbeidswetgewing net deur ’n medewerker, in die kerk se geval die predikant se kollega in dieselfde gemeente, die koster, skriba, orrelis of enige ander kerkamptenaar in diens van die gemeente, bygestaan word.

## 4. DIE KERKORDE VAN DIE NG KERK SOOS VASGESTEL DEUR DIE ALGEMENE SINODES VAN 2002 EN 2004

Die 2002 Kerkorde sien die lig ná die Algemene Sinode van 2002. In die voorwoord word erken dat die kerk nooit in die geldende orde kan berus asof dit ’n volmaakte orde is nie, maar dat die orde gereeld aan die Bybel en belydenis van die kerk getoets moet word.

In die voorwoord laat die Voorsitter van die ARK hom soos volg uit oor die nuwe Kerkorde:

88 Hendrik Johannes Visser v. Die Ring van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 15.13.

89 Kerkorde, besluit by Artikel 12-12b 2.2.2, p. 13.

> In die Kerkorde kom verskeie belangrike sake na vore. Van die belangrikstes is dat die NG Kerk sy reg om sy eie interne orde te reël, bevestig; verder word gereël dat geen lidmaat, ampsdraer of amptenaar in die Kerk hulle op die burgerlike reg sal beroep voor hulle nie eers al die kerklike middele tot hulle beskikking benut het nie en dan word daar weer 'n groter gesag aan die ringe toegeken in allerlei sake betreffende die orde in die kerk, onder meer die opsig en tug oor ampsdraers.[90]

Die bedienaar van die Woord word op dieselfde manier omskryf as in vorige Kerkordes, maar daar is aansienlik verander aan Artikel 7 wat handel met die beroeping van die leraar. In terme van Artikel 7.1 kan geen kerkraad 'n predikant beroep voordat die gemeente en die ring nie goedkeuring verleen het nie. Die beroepsbrief mag eers uitgestuur word nadat die gemeente se goedkeuring deur afkondiging verkry is, die ring tevrede is dat aan al die kerklike vereistes voldoen is en alle besware volgens proses afgehandel is.[91] Die beroepsbrief mag ook net uitgestuur word nadat die beroepsvergadering deur 'n meerdere vergadering van advies bedien is, soos uiteengesit in Artikel 7.3. Die onderhandelingsproses met die leraar voordat die finale ooreenkoms tussen die partye onderteken word, word duideliker omskryf. Die Kerkorde verwys na die ooreenkoms as 'n diensooreenkoms.[92] Dit is ook belangrik om kennis te neem dat geen leraar beroep kan word of 'n finale diensooreenkoms kan onderteken sonder die uitdruklike goedkeuring van die ring nie.[93]

Die reëlings met betrekking tot die bevestiging van 'n leraar het in wese dieselfde gebly; asook die diensomskrywing in Artikel 9. Die enigste byvoeging by die leraar se verpligtinge is dat verantwoordelikhede teenoor die kerkverband bygevoeg is.[94] Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n predikant staan, is in terme van Artikel 13 vir sy/haar lewensonderhoud verantwoordelik.

Die vraag oor ampsbevoegdheid word in Artikel 11 verander van "aangesien 'n predikant sy lewe lank aan die kerkdiens verbonde is, hou hy op om 'n predikant te wees indien hy sy gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar" na "predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en geweldige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar."

Die mees dramatiese wysiging vind ons in Artikel 12 waar die woord "werkgewer" in die nuwe artikel uitgelaat word. Die Kerkorde handel versigtig met woorde deur te sê dat die predikant vir die uitvoering van sy amp deur 'n

90 2002. Kerkorde, p. ii.
91 2002. Kerkorde, Artikel 7.1.
92 Kyk Artikels 7.6, 7.7 en 7.8.
93 Artikel 7.7.
94 Artikel 9.11.

kerkvergadering beroep en in diens gestel word. Die kerkvergadering word gekwalifiseer as die kerkraad, ring, Sinode en Algemene Sinode. Dit verskil in wese van die vorige bewoording waarin die kerkverband die werkgewer genoem is in wie se diens die predikant staan.[95]

Die nuwe Kerkorde kwalifiseer die verhouding verder deur die invoeging van Artikel 12.2 wat bepaal dat die predikant, hom/haar as geroepene van die Here deur sy kerk, aan die Here en die kerkvergadering moet verantwoord. Die kerkvergadering moet aan die predikant respek betoon en die ondersteuning gee om sy amp en bediening effektief uit te voer.[96]

Soos in die verlede kan 'n kerkvergadering 'n predikant se diens beëindig[97] by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die kerk se Reglement.[98] Diensbeëindiging kan steeds net plaasvind op grond van wangedrag,[99] onbekwaamheid of ongeskiktheid[100] of op grond van die gemeente of kerkverband se finansiële onvermoë.[101] Dié gronde stem ooreen met die gronde vervat in Artikel 188 van die Wet op Arbeidsverhoudinge.[102] Indien daar 'n klagte van wangedrag teen die predikant ondersoek word, tree die toesighoudende ring vir kerklike tug op en nie meer die werkgewer soos bepaal in die 1999 Kerkorde nie.

Hoofstuk 5 wat handel oor kerklike opsig en tug, sien ook anders in die nuwe Kerkorde uit. Baie van die besluite in die 1999 Kerkorde is nou vervat in die artikels, maar die proses het in wese dieselfde gebly. Die grootse verandering is dat die ring 'n baie meer aktiewe rol in die proses kan speel as in die verlede. Die hoofstuk bepaal dat slegs die ring of ringskommissie 'n predikant in diens kan stuit en nie meer net 'n kerkraad of kerkraadskommissie nie.[103] Verteenwoordinging word nie toegelaat nie en, soos in die verlede, mag die partye slegs bygestaan word deur 'n lidmaat van die kerkverband.[104]

In die 2004 Kerkorde wat na die Algemene Sinodevergadering van Oktober 2004 verskyn, word geen wysigings van die bepalings rondom die beroeping, diensverhouding of dissiplinêre proses van die leraar aangebring nie en die bepalings soos hierbo uiteengesit, is steeds van toepassing.

95 1999. Kerkorde, Artikel 12.1.
96 Artikel 12.3.
97 Artikel 12.6.
98 Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente. 2002 Kerkorde, p. 41.
99 Soos gekwalifiseer deur Hoofstuk 5 van die Kerkorde.
100 Besluit 12b 2.2 reël die proses.
101 Besluit 12b 2.3 reël die proses.
102 66 van 1995.
103 Artikel 63.6.1.
104 Artikel 63.8.4.

# 5. HOFUITSPRAKE

## 5.1 Schreuder v. Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others [1999] 7 BLLR 713 (LC).

Die applikant, ds. N. Schreuder, beweer dat hy onbillik ontslaan is toe die Ring van Roodepoort van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die band losgemaak het tussen hom as predikant en sy gemeente, die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit.[105] Ds. Schreuder is gedurende Januarie 1995 as die vyfde leraar in Wilgespruit, 'n makrogemeente aangestel waar hy verantwoordelik was vir "toerusting" en "bemarking". Hy moes die opleiding van die ouderlinge en diakens in die gemeente behartig, asook die opleiding van die gemeentelede deur, byvoorbeeld, die stigting van 'n Bybelskool, Bybelstudiegroepe of selgemeentes. Bemarking sou onder andere die behartiging van die gemeenteblad behels.[106] Oorvleueling het egter voorgekom tussen die take van die predikante.[107] Die leraars moes as 'n span binne die gemeentestrukture saamwerk. Die respondente voer egter aan dat Ds. Schreuder ontslaan is as gevolg van sy onaanpasbaarheid en onversoenbaarheid en dat dit aanleiding gegee het tot die onherstelbare verbrokkeling van die verhouding tussen die vyf predikante van Wilgespruit.[108] Hulle voer verder aan dat hy weens al drie wetlike redes[109] ontslaan is.[110]

Die Kerk het egter 'n punt *in limine* geopper in terme waarvan hulle beweer het dat die applikant nie 'n werknemer van die respondente is vir die doeleindes van die bepalings van die wet nie. Daar is getuig dat 'n leraar se pligte vervat word in sy beroepsbrief wat verwys na die pligte van 'n leraar soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde.[111] Die beroepsbrief vir leraars bevat dan ook 'n uitdruklike verwysing dat van 'n predikant verwag word om sy ampspligte ingevolge Artikel 9 te vervul.[112] Die hof som die posisie soos volg op:

> Die beroepsbrief bepaal dan verder wat die predikant in ruil vir die vervulling van hierdie pligte ontvang. Die woord "traktement" word gebruik om besoldiging te beteken en daar word met ander aangeleenthede soos verlof, 'n diensbonus, reistoelae, huistoelae, pensioenfonds en

---

105 1937.
106 1942. G-J; 1943 A.
107 1944. A.
108 1944. D.
109 Soos uiteengesit in die Wet op Arbeidsverhoudinge 66/1995 Artikel 188(1).
110 1938. D.
111 1940. F.
112 1940. H.

> mediese fonds lidmaatskap asook assuransie gehandel. Daar is gevolglik volgens Dr. Scholtz 'n plig op die predikant om sy ampspligte soos uiteengesit, te vervul. Die predikant verkry aan die ander kant in ruil hiervoor weer 'n salaris en verlof- en pensioenvoordele asook lidmaatskap van 'n mediese fonds en assuransiedekking. Die beroepsbrief is dus die dienskontrak tussen die predikant en die gemeente (kerkraad). In die lig van hierdie getuienis is ek oortuig dat die bedoeling van die beroepsbrief is om kontraktuele verpligtinge in die vorm van 'n dienskontrak te skep tussen die predikant en sy of haar gemeente.[113]

Die Kerk verwys die hof na Engelsregtelike gesag van die Anglikaanse Kerk,[114] maar die regter bevind dat die Engelse gesag nie van toepassing is nie omdat daar in hierdie saak 'n duidelike bedoeling is om 'n kontraktuele verhouding te skep:[115]

> Daar is naamlik die duidelike bedoeling dat 'n predikant sy of haar aardse werkgewer dien ingevolge 'n dienskontrak soos wat dit normaalweg verstaan word. Dit is in ooreenstemming met die deskundige op organisasies (Professor A.B. Boshoff) se getuienis dat die kerk ook 'n organisasie is wat wel uniek kan wees op grond van die kultuur, waardes en aannames wat heers binne die organisasie. Hy het bygevoeg dat, alhoewel die kerk 'n missionêre doel het en 'n morele organisasie is met eie unieke kenmerke, bestaan alle organisasies uit mense. Dr. Scholtz het in dieselfde verband uitgewys dat die feit dat mense mag dink dat hulle met heilige dinge besig is nie verander aan die feit nie dat hulle 'n sosiale sisteem vorm wat volgens sy eie reëls funksioneer soos enige ander sosiale sisteem.[116]

Die Kerk se argument dat die predikant nie in diens van die gemeente is nie, word egter in die wiele gery deur 'n Sinodebesluit van Oktober 1998 dat die Kerkorde gewysig moet word. Die wysiging van die Kerkorde was met ingang Mei 1999 van krag en in dié weergawe van die Kerkorde[117] word daar nou uitdruklik gepraat van die gemeente of kerkverband "in wie se diens" die predikant staan, as die "werkgewer" van die predikant. Verder word gepraat van "indiensneming of diensbeëindiging" en diensbeëindiging geskied op die erkende drie gronde soos die Wet bepaal.[118] R. Basson som die posisie soos volg op:

113 1940. J; 1941 A-B.

114 Diocese of Southwark and others v. Coker Court of Appeal (Civil Division) [1998] ICR 140 op 146 tot 149).

115 1941. C.

116 1941. D-G.

117 1999. Kerkorde, Artikel 12.

118 1999. Kerkorde, Artikel 12.5.1 tot 12b.2.4.4.2.

> Dit is gevolglik duidelik dat die verhouding tussen 'n predikant en die betrokke gemeente of kerkverband 'n kontraktuele diensverhouding is. Daar is dus geen sprake daarvan dat 'n predikant 'n "onafhanklike kontrakteur" is soos bedoel in die definisie van 'n "werknemer" in artikel 213 van die Wet nie. Verder voldoen 'n predikant aan die omskrywing van paragraaf (a) van hierdie definisie deurdat 'n predikant geregtig is om besoldiging te ontvang (en dit inderdaad ontvang) van die kerklike organisasie in wie se diens die predikant staan. 'n Predikant voldoen klaarblyklik ook aan die omskrywing in paragraaf (b) van die definisie van 'n werknemer as iemand wat "op enige wyse help om die besigheid van 'n werkgewer voort te sit of te bedryf ". 'n Predikant is duidelik primêr hiermee besig ook waar hy of sy in diens staan van die ander kerkstrukture (die Ring en die Sinode) wat beheer uitoefen en 'n deurslaggewende rol speel by die aanstelling en ontslag van 'n predikant (soos hierbo uiteengesit) en gevolglik die "sekondêre" werkgewers van die predikant is. 'n Predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dus die werknemer van die gemeente waarin hy of sy diens doen en voor Oktober 1998 het so 'n predikant ook nog sekondêre werkgewers gehad, dit wil sê, die betrokke Ring en die betrokke Sinode (tot 'n mindere mate).[119]

Die hof bevind dat die ontslag substantief en prosedureel onbillik is en dat die ring en sinode gelas word om die predikant in diens te neem.[120] Dié beslissing is in lyn met die Gemenereg en die Wet op Arbeidsverhoudinge se definisie van 'n werknemer.[121] Die Algemene Sinode wysig die Kerkorde in 1999 spesifiek met die doel om die kerkraad die werkgewer te maak en sekondêre werkgewers (die ring en die sinode) se aanspreeklikheid te beperk. Die enigste kritiek teen die uitspraak is dat die hof moontlik te veel gewig aan die bedoeling van die partye gegee het, terwyl daar meer as genoeg ander faktore[122] ook teenwoordig was wat op 'n diensverhouding gedui het. Die dominante indruk is die van 'n diensverhouding en die dominante indrukstoets is nie hier aangewend nie. Die bedoeling van die partye is een van vele faktore[123] was as rigtingwyser vir die hof kan dien.

119 1941. H-J; 1942 A-D.
120 1953. H-J; 1954 A-B.
121 Wet 66 van 1995. Artikel 213.
122 Byvoorbeeld die inhoud van die beroepsbrief, beheer en toesig, organisasie en die voorsiening van lewensmiddele.
123 Van Jaarsveld (2006: par. 122-126).

## 5.2 Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Cape Town v. CCMA and others (2001) 11 BLLR 1213 (LC)

Die Anglikaanse Kerk van Kaapstad bring in hierdie saak 'n aansoek om hersiening van 'n KVBA-beslissing, nadat die KVBA-kommissaris 'n bevel gemaak het waarvolgens 'n priester, M. Mathebula, onbillik uit die diens van die kerk ontslaan is. Die Anglikaanse kerk voer aan dat die KVBA geen jurisdiksie oor die aangeleentheid gehad het nie en dat die kommissaris gefouteer het deur te bevind dat daar 'n diensverhouding tussen die priester en die Anglikaanse kerk bestaan. Die priester, die derde respondent, het die saak na die KVBA verwys nadat hy na 'n dissiplinêre verhoor geskors is. Die geordende priester is deur 'n "ecclesiastical tribunal" aan twee klagtes van wangedrag skuldig bevind en die priester se "license to minister" is teruggetrek. Die implikasie hiervan was dat die priester vir 'n tydperk van vyf jaar nie enige diens in die kerk kon verrig nie.[124] Die priester het sy volle status (ordening) as priester behou, maar sou vir dié tydperk geen finansiële voordeel of vergoeding ontvang nie. Die priester het aangevoer dat die "skorsing" as sanksie effektief op 'n ontslag neerkom.

Tydens die arbitrasie opper die kerk 'n punt *in limine* dat die KVBA nie jurisdiksie oor die aangeleentheid het nie omdat daar nie 'n diensverhouding bestaan nie en omdat dit 'n inbreuk sou maak op die kerk se grondwetlike reg van vryheid van godsdiens en assosiasie.[125] Die KVBA verwerp die punt *in limine*. In die Arbeidshof word bevind dat die KVBA gefouteer het en dat die KVBA nie die aard van die ooreenkoms tussen die partye oorweeg het nie.[126] Breedvoerige getuienis word oor die aard van die verhouding tussen die partye aangebied. Regter Wagly som dit as volg op:

> The licensing process is no more than a formal entry of a priest to the ministry, to put his calling — which comes form God — into action. While it may be difficult to comprehend a "calling from God", the applicant and the third respondent agree that the very basis upon which their relationship exists is that "calling". This being so, the church must be seen as providing space for those called by God to give effect to that calling. The fact that in providing space it may be providing all the features of an employment relationship cannot make the relationship an employment one.[127]

124 Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Cape Town v. CCMA and others (2001) 11 BLLR 1213 (LC) 1214 E-G: "[T]he third respondent is not allowed to hold any office or perform any ministry within the applicant church for a period of at least five years."

125 1214 I-J.

126 Kyk ook 1221 C.

127 1220 G-H.

Die hof beslis as volg:

> Since I have found that a contract of employment is necessary for purposes of establishing an employment relationship and that there was no legally enforceable contract of employment between the applicant and the third respondent, the parties are not an employer and employee as defined by the LRA and consequently the first respondent had no jurisdiction to entertain the alleged dispute referred to it by the third respondent.[128]

Die hof het na verskeie hofbeslissings van die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland verwys.[129] Die hof word egter skerp gekritiseer omdat van die hofsake irrelevant en nie vergelykbaar is met die Suid-Afrikaanse definisie van 'n werknemer nie.[130]

Die wyse waarop die beslissing bereik is, is veral deur Van Jaarsveld[131] skerp gekritiseer:

> Dit was nog nooit 'n primêre vereiste vir die bepaling of 'n diensverhouding inderdaad tussen twee partye bestaan het dat daar 'n bedoeling moes gewees het om 'n afdwingbare ooreenkoms te sluit nie. Dit is hoogstens een van tien of meer kriteria wat aangelê kan word om oor die vraagstuk uitsluitsel te gee — en as nie een van die kriteria afdoende antwoord verskaf nie, is die algemene aanvaarde werkwyse om te vra wat die "dominante indruk" is wat die verhouding maak by die inagneming van alle tersaaklike omstandighede van die betrokke geval. (Ongevallekommissaris v. Onderlinge Versekeringsgenootskap AVBOB 1976 4 SA 446 (A).)
>
> Voorts is dit ook bykans lagwekkend vir die kerk om aan te voer dat priesters nie dienare van die kerk is nie maar slegs van God en dat die kerk die priester se roeping fasiliteer deur die verskaffing van 'n raamwerk waarbinne hy God kan dien.

128 1221 C-E.

129 Verenigde Koninkryk: Davies v. Presbyterian Church of Wales [1986] 1 All ER 705 (HL); Diocese of Southwalk v. Coker [1998] 1CR 140 (CA); In re: National Insurance Act 1911; In re: Employment of Church of England Curates [1912] 2 Ch 563; President of Methodist Conference v. Parfitt [1984] 1CR 176. Australië: Greek Orthodox Community of SA Inc v. Ermogenous SCGRC 99-653 (2000) SASC 329; Knowles v. The Anglican Church Property Trust, Diocese of Bathurst (1999) 89 IR 47. Nieu-Seeland: Mabon v. Conference of the Methodist Church of New Zealand [1998] 3 NZLR 513.

130 Van Jaarsveld (2006:175 paragraaf 4). Paragraaf 5: "Bovermelde benaderingswyse van beide die hof en die kerk is arbeidsregtelik onaanvaarbaar en grens aan die absurde."

131 Van Jaarsveld (2006:175).

### 5.3 Wagenaar and United Reformed Church in South Africa (2004) 13 CCMA 8.1.8

Die applikant, Ds. Wagenaar, is op 1 Desember 2001 ontslaan en het die saak na die KVBA verwys. Die respondent het 'n punt *in limine* geopper en ontken dat daar 'n diensverhouding was en dat die KVBA gevolglik geen jurisdiksie oor die aangeleentheid het nie. Ds. Wagenaar was 'n leraar in 'n Pretoriase gemeente voordat die band losgemaak is. Die Kerk se argument was dat die leraar nie ontslaan is nie en dat die losmaking van die gemeente nie beteken dat hy nie meer deel van die Kerk is nie en dat die leraar nooit 'n werknemer van die Kerk was nie.

Die KVBA handel eerstens met jurisdiksie. In dié saak steun die applikant, die leraar, op die Schreuderbeslissing en die respondent, die Kerk, op die Church of the Province-beslissing. Die kommissaris handel as volg met die botsing tussen die uitsprake:

> The case law is irreconcilable. It seems that there is no general rule in South Africa as to whether a Minister of Religion is an employee or not. Nor is there likely to be. Different denominations have different teachings and ideologies. In my view each case depends upon the facts. The respondent at no time prior to the arbitration expressed any reservations regarding the applicant being an employee and it is abundantly clear that the applicant at all times conducted his affairs as an employee would. On the contrary both the Gemeente and the Ring regarded the labour legislation as applicable during the deliberations regarding the applicant's reductions of salary. My conclusion is that the Beroepsbrief was unquestionably accepted by the respondent as a contract which created legally enforceable employment rights. It follows that the applicant is an employee as defined in the LAR and the CCMA has jurisdiction in respect of this dispute.[132]

Die kommissaris bevind dat die losmaak van die band 'n ontslag is en bevind dat die ontslag prosedureel en substantief onbillik is.

## 7. GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik uit die bostaande dat die Schreuderbeslissing en die Church of the Province-beslissing nie vergelykbaar is nie. Die struktuur- en organisasieverskille tussen die denominasies is nie versoenbaar nie en daarom kan die een saak nie as gesag tydens geskille van die ander gestel word nie. Beide die sake is egter Arbeidshofbeslissings en is bindend op laer geskilbeslegtingsstrukture.

132 p. 5 par. 5.

Die Wagenaarbeslissing, hoewel 'n KVBA-beslissing, verwys na die kern van die vraagstuk: Elke saak moet op sy eie meriete, binne die bepaalde denominasie beoordeel word. Die Algemene Sinode het daarom gefouteer deur die Kerkorde in 2002 te wysig ná die Church of the Province-beslissing. Die arbeidsregtelike posisie van die leraar in diens van die NG Kerk het onveranderd gebly en die bepalings in die 1998 Kerkorde was in ooreenstemming met die relevante arbeidswetgewing. Die Schreudersaak is steeds die gesaghebbende saak in die NG Kerk.

Van Jaarsveld kan tereg 'n vraagteken oor die sogenaamde "regwarboel" en "regsgespartel" plaas omdat die definisie van 'n werknemer in artikel 213 van die Wet op Arbeidsverhoudinge nie handel oor die bedoeling van die partye nie.[133]

Die beroepsbrief en die aard van die diensverhouding van die leraar in diens van die NG Kerk is 'n werknemer-werkgewerverhouding en dit word so in die praktyk toegepas. Die Algemene Sinode sal dringend die bepalings in die Kerkorde moet wysig om, soos in 1998, voorsiening te maak vir 'n werknemer-werkgewerverhouding.

Daar is geen geskil oor die feit dat die leraar 'n Goddelike roeping het of as bedienaar van God se Woord in die kerk bedien nie. Die leraar is in diens van God in die wêreld, maar ook in diens van die gemeente en laasgenoemde verhouding is nie geestelik van aard nie. Die verhouding tussen die leraar en die gemeente is dus 'n werknemer-werkgewerverhouding en moet so in die praktyk toegepas word. Die leraar is dus tegelyk 'n dienaar van God en 'n werknemer in diens van die gemeente.

133 Van Jaarsveld (2006:178).

# BIBLIOGRAFIE

BACKER, W. & OLIVIER, M.

1996. *Gids tot die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge*. Eerste Uitgawe. Pretoria: Bactas Personeelkonsultante BK.

BRITZ, R.M.

1999. Predikante-kontrakte is 'n fout. *Kerkbode* 162(10):6.

COERTZEN, P.

2000. Geen dominees 'op sig' nie, dankie. *Kerkbode* 164(8):4.

1997. Artikel 12 en natuurlike geregtigheid. *Kerkbode* 159(9):6.

1989. *Vanaf Genéve na die suidpunt van Afrika*. Eerste Uitgawe. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

DU PLESSIS, J.V.

1998. Verslag aan die Algemene Regskommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk.

JOUBERT, J.

2001. Die kerk as werkgewer binne die konteks van 'n veranderde arbeids-bedeling in Suid-Afrika. Referaat gelewer by die Kerk en Staat-konferensie in Stellenbosch.

GAUM, F.

1997. Kerklui nog lugtig oor 'kerk'-vakbond. *Kerkbode* 158(6):1.

GROGAN, J *ET AL.*

2005. *Juta's annual Labour Law update*. Eerste Uitgawe. Johannesburg: Juta.

KLEYNHANS, E.P.J.

1985. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria.

KLOPPER, E.

2001. Die godsdienstige regte van predikante in kerke van die gereformeerde belydenis. Referaat gelewer by die Kerk en Staat-konferensie in Stellenbosch.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

1995. *Kerkorde*. Eerste uitgawe. Bloemfontein: NG Kerk.

1999. *Kerkorde*. Eerste uitgawe. Bloemfontein: CLF Drukkers.

1999. *Reglemente, riglyne, handleidings en vorms*. Eerste Uitgawe. Bloemfontein: CLF Drukkers.

2000. *Kerkorde*. Eerste uitgawe. Wellington: Lux Verbi BM.

2003. *Kerkorde*. Eerste uitgawe. Wellington: Lux Verbi BM.

2004. *Kerkorde*. Eerste uitgawe. Wellington: Lux Verbi BM.

ALGEMENE REGSKOMMISSIE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
1999. Bestuursgids vir diensverhoudinge in die Nederduits Gereformeerde Kerk.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ORANJE VRYSTAAT
1995. *Agenda van die sewe-en-veertigste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat*. Eerste Uitgawe. Bloemfontein.

1999. *Agenda van die agt-en-veertigste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat*. Eerste uitgawe. Bloemfontein.

OLIVIER, M.
2001. Regsmening aan die Regskommissie van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. In: *Re* Aanspreeklikheid van meerdere vergaderings as appèlligame ten opsigte van arbeidsaangeleenthede.

2001. Freedom of religion under the a new constitutional dispensation in South-Africa. Paper presented at the Church and State conference in Stellenbosch.

OLIVIER, W.H.
2000. Regsmening aan die Regskommissie van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. In: *Re* Regsaspekte betreffende die predikantsamp in die kerk.

RAWLINS, A.J.B.
1987. Die invloed van Johannes Calvyn op die kerkordelike ontwikkeling in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein. Universiteit van die Oranje Vrystaat.

ROSSOUW, P.
2000. *Kerk-vergaderings*. Eerste uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

SADLER, T.N.H.
1979. *Die kerklike tughandeling: 'n Ondersoek na die tughandeling in die gereformeerde kerk met besondere verwysing na die praktyk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

STRAUSS, P.J.
1999. Die goedkeuring van kerkrade vir 'n nuwe verband in die NG Kerkfamilie. *Acta Theologica* 19(2):32-54.

VAN JAARSVELD, S.R.
2006. Priesters, predikante en pastore — Werknemers van die gemeentes of slegs werkers van die koninkryk? *De Jure* 39(1):173-178.

VAN JAARSVELD, S.R. & VAN ECK, B.P.S.
2003. *Kompendium van die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg*. Vierde Uitgawe. Johannesburg: Lex Patria Uitgewers.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Werknemer | Employee |
| Predikant | Minister |
| Godsdiens | Religion |
| Regsaspekte | Judicial issues |